

Padaanwysings na Deelfontein

Gastehuis – Rondawel – Bergfietsroete – Kunstesentrum – Sterrewag - Boskamp

LEES ASSEBLIEF!

- **Geen mobieltelefoonontvangs, dus ook geen telefoniese hulp vir verdwaaldes**
- **Moenie slegs GPS gebruik nie, lees die padaanwysings**
- **Daar is DRIE plase genaamd Deelfontein, my hek het 'n GEEL bord**
- **Moet ASSEBLIEF nie my bure lastig val nie**

GPS- koördinate van plaashek: 26°56'37,80" S 27°16'16,48" O

Van die weste (Klerksdorp, Potchefstroom): Neem in Potchefstroom Govan Mbeki-rylaan in 'n suidelike rigting en ry reguit aan verby die tronk na Vredefort. Hou vir 34 km reguit aan en ry oor die Schoemansdrif-brug oor die Vaalrivier. Net daarna is daar 'n T-aansluiting. Draai links. Na 8 km is die afdraai gemerk "Deelfontein, Gerhard Benade" op linkerkant. Die inrit is 100m VERBY 'n wit huis langs die pad wat ook Deelfontein.gemerk is. Ry deur die hek met die GEEL bord. Na 500 m is daar weer 'n hek. Volg die wegwysers. Die gastehuse en beginpunt van die bergfietsroete is op linkerkant. Die kunstesentrum, sterrewag, rondawel en werkswinkel is 400 m verder. Vir die boskamp, hou reguit aan vir 1 km tot die pad vork. Hou links. Die kampterrein is 200 m verder. Maak asb. alle hekke weer toe!

Van die noorde (Pretoria, Johannesburg): Neem die N1 Suid na Bloemfontein. Draai af op die Parys-afrit en ry na Parys. Volg in Parys die aanwysings vir Potchefstroom en Vredefort. Ry by die verkeerslig reguit aan (nie na Potchefstroom nie). Omtrent 3 km buite die dorp, draai regs na Schoemansdrif. Na 'n verdere 3 km, draai links. Na omtrent 4 km is daar 'n kruising. Ry reguit oor; hier eindig die teerpad. Na 'n verdere 8 km, draai regs na Reitzburg. Presies 2 km verder is die afdraai na Deelfontein gemerk "Deelfontein, Gerhard Benade" op regterkant. Daar is 3 hekke gemerk Deelfontein. Ry verby die hek "Deelfontein, Greeff Boerdery". Indien jy 'n wit huis langs die pad sien met 'n hek gemerk Deelfontein, is jy te ver. Ry deur die hek met die GEEL bord. Na 500 m is daar weer 'n hek. Volg die wegwysers. Die gastehuse en beginpunt van die bergfietsroete is op linkerkant. Die kunstesentrum, sterrewag, rondawel en werkswinkel is 400 m verder. Vir die boskamp, hou reguit aan vir 1 km tot die pad vork. Hou links. Die kampterrein is 200 m verder. Maak asb. alle hekke weer toe!

Van die suide (Kaapstad, Bloemfontein): Ry met die N1 Noord na Johannesburg. By Kroonstad, neem die ou pad na Vredefort. In Vredefort, draai by die eerste geleentheid links, net voor die Caltex-vulstasie. Daar is 'n kruising 1 km buite die dorp. Ry hier reguit oor na Schoemansdrif op die S80. Na omtrent 12 km, draai links na Reitzburg. Presies 2 km verder is die afdraai na Deelfontein op regterkant. Dit is gemerk "Deelfontein, Gerhard Benade". Daar is 3 hekke gemerk Deelfontein. Ry verby die hek "Deelfontein, Greeff Boerdery". Indien jy 'n wit huis langs die pad sien met 'n hek gemerk Deelfontein, is jy te ver. Ry deur die hek met die GEEL bord. Na 500 m is daar weer 'n hek. Volg die wegwysers. Die gastehuse en beginpunt van die bergfietsroete is op linkerkant. Die kunstesentrum, sterrewag, rondawel en werkswinkel is 400 m verder. Vir die boskamp, hou reguit aan vir 1 km tot die pad vork. Hou links. Die kampterrein is 200 m verder. Maak asb. alle hekke weer toe!

Van die ooste (Durban, Vereeniging, Sasolburg): Ry met die R59 van Sasolburg weswaarts na Parys. Volg dan die aanwysings vanaf Parys soos vanuit die noorde.

Van die suidweste (Viljoenskroon): Ry met die R59 van Viljoenskroon na Vredefort. As Vredefort regs verskyn, draai links op die S80 (nie gemerk) en volg die beskrywing soos hierbo van die suide.